


WEEK VAN GEBED

2021

Die reeks meditasies vir die Week van Gebed 2021 is vanjaar voorberei deur Dr Eddie Orsmond van Wellington. Die reeks besin vanuit die Skrif oor gebed in ons “binneste kamer” – die wenslike fasette van ‘n seënryke gebedslewe. Dit is goed as individuele gelowiges, gemeentes in die NG Kerkfamilie en gerus ook gemeentes uit ander kerkgenootskappe die jaar 2021 kan ingaan met ‘n nadenke oor en ‘n oefening in die intimiteit van gebed in ons binneste kamer. Vandaar uit kan ons dan elke dag die nuwe uitdagings van 2021 aanpak, getroos, versterk, gelei en geborge in ‘n innige verhouding met ons Here.

In die jaar 2021 en 2022 herdenk ons ook die koms van ‘n klompie Skotse predikante, en spesifiek die koms van Ds Andrew Murray snr., na Suid Afrika, 200 jaar gelede. Hierdie groep leraars en hulle nasate het ‘n onberekenbare groot bydrae gelewer in die groei van die NG Kerk, die planting van nuwe kerke en die uitbreiding van die koninkryk van God in Suid Afrika en tot diep in Afrika. Hulle het ‘n bepaalde teologiese- en geestestroming gevestig, ‘n evangeliese vroomheid waarin die klem veral ook op ‘n volgehoue gebedslewe val. Oor die vele fasette van gebed het die bekende Dr Andrew Murray jnr. omvangryk geskryf, maar ‘n “kragtige” en volgehoue gebedsdissipline het ook sy eie lewe gekenmerk; juis daarom kon hy soveel vermag! Hierdie reeks sluit daarom ook nou aan by die nadenke van Dr Andrew Murray.

Gideon van der Watt (CLF Redakteur)



Dr Andrew Murray

(Foto NG Kerkargief Stellenbosch)

Gebed in ons binneste kamer

Dr Eddie Orsmond

Dag 1 – Voorbereiding vir gebed. Die binneste kamer...

Dag 2 – Voorbereiding vir gebed. Die Môre-uur

Dag 3 – As ons nie weet *wat* om te bid nie...

Dag 4 – Omstandighede leer ons *waarvoor* om te bid

Dag 5 – Hou onbeskaamd aan om te bid

Dag 6 – Die gawe uit die hand van die hemelse Vader

Dag 7 – Ons bid dat God ons Vader se koninkryk kom

Dag 1

Voorbereiding vir gebed. Die binneste kamer...

Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon. (Matteus 6:6; 1983-Afrikaanse vertaling).

Maar wanneer jy bid, gaan na jou binneste kamer, maak jou deur toe en bid tot jou Vader wat in die verborgenheid is, en jou Vader wat in die verborgenheid sien, sal jou beloon. (Matteus 6:6; 2020-vertaling).

Die praktyk van die *Week van Gebed* in gemeentes van die NG Kerkfamilie is 'n gewaardeerde deel van baie lidmate en gemeentes se godsdienstige pligte (vroomheid, spiritualiteit; in Engels “piety”). Dit gee uitdrukking aan ons aanbidding tot God en aan gelowiges se erkenning van hulle afhanklikheid van God. Hierdie kollektiewe praktyk is 'n kern element van die geloofsidentiteit van 'n kerklike tradisie wat oor tyd heen ontwikkel het. In ons tyd word veel gemaak van geloofsdissiplines of geloofspraktyke wat nodig is vir ons geloofsvorming. Dissiplines (praktyke, gewoontes) rig ons verhouding met God en anker, dit bepaal ons intieme verkeer met God.

Die *Week van Gebed* aan die begin van 'n nuwe jaar is 'n belangrike geloofspraktyk. Daardeur vestig ons geloofsritmes om ons lewe in God se teenwoordigheid te begelei. Ons dra die nuwe jaar aan God op en erken daarmee ons totale afhanklikheid van God.

In Matteus 6 (Jesus se *Bergpredikasie*) stel Jesus die tema van *godsdienstige pligte* aan die orde. Jesus beklemtoon in vers 1 die gesinheid, houding, ingesteldheid, en motivering waarmee ook ons as gelowiges ons godsdienstige pligte uitvoer. Jesus noem drie dinge wat sy Joodse gehoor beskou het as standaard pligte vir toegewyde godsdienstige Jode: die praktyke van hulp aan die armes, gebed en vas.

Die belangrike punt wat Jesus aan die begin van hierdie hoofstuk oor motivering en gesinheid maak, is dat Jesus sy gehoor wil aanmoedig om diá praktyke voort te sit; Hy wil hulle egter veral leer om dit alleen net vir en tot God te doen. Ons standaard godsdienstige pligte (geloofspraktyke of dissiplines) moet daarop gerig wees om God se Naam te heilig, sy wil te doen en sy koninkryk te laat kom. Dit behoort ook óns motivering te wees met die *Week van Gebed* aan die begin van 2021.

In Matteus 6:6 beklemtoon Jesus die gesindheid waarmee gelowiges behoort te bid. Hy beklemtoon as't ware 'n godsdiens van geheimhouding waarin die bidder en God in afsondering betrokke is. Jesus wil sy hoorders leer van intimiteit met God en 'n geloofshouding waarin God alleen vir ons genoeg is; dat God ons begeerte en diepste verlange moet wees. Daarom nooi Jesus ons uit na die binnekamer, of soos die 2020-vertaling dit noem, die *binneste* kamer, waar niemand anders kan hoor of sien wat tuseen my en God gebeur nie.

Die uitdrukking “binneste kamer” nooi ons uit om oor méér te dink as net die fisiese vertrek in 'n huis waar ek met God alleen kan wees. Dit open ook die moontlikheid om oor die hart as setel van my innerlike gemeenskap met God te dink. Dan word die

binneste kamer die ruimte waar God my ontmoet, op enige plek en tyd waar ek mag beweeg. Oor hierdie dimensie van die binneste kamer moet ons nadink voordat ons kollektief die *Week van Gebed* ingaan.

Voordat ons begin bid, móét ons nadink oor ons verhouding met God en ons ingesteldheid wanneer ons tot God in gebed nader. Al Jesus se gedagtes in die *Bergpredikasje* fokus op God self. Indien ons nie doelgerig daarop ag slaan nie, kan ons God maklik uit ons godsdienstige handeling verdring. In hierdie reeks neem ons ook kennis van die bekende Dr. Andrew Murray se gedagtes oor gebed en die gelowige se geloofskarakter. Ons betrek sy onderrig aan sy tydgenote oor die gelowige se gebedslewe, soos wat dit in Deel IV van sy *Versamelde Werke* uitgelê is. Vir Dr. Murray was die binnekamer en die oggend-gebed belangrike elemente van die gelowige se gemeenskap met God. Die eerste twee oordenkings sluit daarom by hierdie twee temas as identiteitsmerkers van die gelowige karakter aan.

Vir Dr. Murray verteenwoordig en omskryf die binnekamer kern elemente van die gelowige se lewe in die teenwoordigheid en voor die aangesig van God. Hy noem in hierdie verband van die daaglikse behoefte aan geloofsdissiplines die volgende: afsondering en stilte; die ware gees van gebed; die stigtelike lees van God se Woord; die gemeenskap met God waarvoor hierdie dinge bestem is en waardeur alleen hulle 'n seën kan aanbring; die geestelike lewe wat hulle bedoel is om te versterk en geskik te maak vir die daaglikse plig in omgang met die wêreld; die diens aan die koninkryk van God in die wen van siele en voorbidding. Al hierdie waarhede, skryf Dr. Murray, dra daartoe by om ons godsdienstige verrigtinge 'n bron van vreugde en krag te maak.



Alessio (Pexels)

Hierdie lys geloofsdissiplines bied reeds vir ons veel stof vir ons gebede tydens die *Week van Gebed*. Die binnekamer is die plek waar ons oefen en groei in ons lewe van gemeenskap met God. Dr. Murray wys egter daarop dat die kerk van Christus en die geestelike lewe van duisende van haar lede, ly aan wat hy 'n worstelsiekte noem. Dit is die verwaarlosing van die verborge omgang met God. Hierdie siekte setel in die gedeelte van die plant (die wortels) wat vir die oog verborge is. Dáár begin die siekte en dáár moet die genesing gesoek word.

Volgens Dr. Murray is die binnekamer die plek of ruimte waar die Here Jesus sy skool hou. Hy stel dit sterk: “Die Christen wat nie na sy binnekamer gaan nie, kan onmoontlik deur die Here geleer word om te bid... Beoefen die teenwoordigheid van God. Roep die hulp van die Here Jesus in om jou te leer om opreg te bid.”

Mag die 2021 *Week van Gebed* ons Kerkfamilie na die binneste kamer nooi, sodat ons ons opnuut kan verbind aan die Vader wat in die verborgeheid sien.

Temas vir gebed

- Vra die Here om in ons die begeerte te wek om alleen sy wil en eer te soek en na te streef.

- Bid dat die Here ons motivering tot en gesindheid met ons gebede sal inspireer sodat ons gebede nie selfgerig sal wees nie.
- Bid dat die Here ons sal oorwin om ons binneste kamer vir Hom alleen te reserveer.

Dag 2

Voorbereiding vir gebed: die môre-uur

Here, in die oggend hoor U my stem, in die oggend lê ek my saak aan U voor, en wag. (Psalm 5:4; 2020-vertaling).

Elke môre laat Hy my opnuut weer luister, Hy laat my luister soos 'n leerling moet luister. (Jesaja 50:4; 1983-vertaling).

Gister het ons gehoor dat Jesus in Matteus 6 die gebed uitwys as een van drie dinge wat sy Joodse gehoor beskou het as standaard pligte vir toegewyde godsdienstige Jode. Jesus het sy dissipels aangespoor om die gesindheid en motivering waarmee hulle tot Hom bid te ondersoek. Jesus het sy dissipels uitgenooi om die binnekamer te besoek met die oog op gemeenskap met die Vader wat in die verborgene sien en beloon. In gesprek met Dr. Andrew Murray het ons verneem dat die binnekamer verteenwoordigend is van kern elemente van die gelowige se lewe in die teenwoordigheid en voor die aangesig van God. Die binnekamer of *binneste* kamer (2020-vertaling) is 'n belangrike aspek van ons voorbereiding vir gebed.

'n Tweede belangrike voorbereidende aspek vir gelowiges en die kerk se gebedslewe, is die dissipline van 'n tydsgleuf vir gebed tot God. Om tyd te maak vir afsondering met God, is 'n uitdaging waarmee menige gelowige worstel. Dit is nie eenvoudig om tyd in te ruim en die dissipline te vestig vir ritmiese gebedstye saam met God nie. Ons het gister gehoor hoe Dr. Murray die lyding aan wortelsiekte identifiseer as die oorsaak vir die verwaarlosing van die verborge omgang met God. Volgens hom begin die genesing van die wortelsiekte van die geloofslewe by die *binneste* kamer en die môre-uur waarin die dag en die lewe aan God gewy word. Dit is oor hierdie spesifieke tydsgleuf van elke dag, wat ons in hierdie oordenking reflekteer.

As ons bloot oppervlakkig na die aanhalings uit Psalm 5:4 en Jesaja 50:4 aan die begin van hierdie meditasie kyk, hoor ons die getuienis van Ou-Testamentiese gelowiges oor hulle geloofsdissiplines rondom gebed en gemeenskap met God. Beide in die liturgiese konteks van Psalm 5 waar Dawid sy begeerte om die Here se wil te doen uitspreek, en die profetiese strydsprek van God met sy verbondsvolk oor die rede waarom Israel in ballingskap weggevoer is, word die rol van die môre-uur beklemtoon as tydsgleuf vir kommunikasie met God.

Die bidders van Psalm 5 en Jesaja 50 getuig dat God in die oggend met hulle besig is. God hoor my stem; God laat my opnuut luister. Dit is in die oggend dat die bidder sy/haar saak voor die Here bring en met die gesindheid van 'n leerling na God toe gaan. Daarmee kom Dr. Murray se tema van die leerskool van die Here Jesus aan die orde. Dit is in die oggend wat die bidder op God wag vir leiding om die dag aan te pak. Die oggend skep geleentheid om opnuut na God te luister, as't ware weer te probeer, jouself oop te stel vir wat God se wil is en aan te sluit by dit waarmee God besig is. Die ontmoeting met God in die oggend is noodsaaklik vir die liturgie van die lewe en vir die etiese gedrag in gehoorsaamheid aan God.

Dr. Murray skryf passievol oor die belang van die oggend-uur as geloofsdissipline vir God se kinders. Van die vroegste tye af, skryf hy, het die diensknegte van God die môre-uur beskou as uitnemend geskik vir die aanbidding van God. Hy beskryf aanbidding as beide die plig en die voorreg om afsondering en gemeenskap met God op te soek. Die onwrikbare besluit om die môrewaak (oggend gebed) waar te neem en die eerste halfuur van die dag alleen met God deur te bring, is een van die heel belangrikste dissiplines vir die heiliging van die geloofslewe. Die môrewaak bied volgens hom die sleutel tot die lewenshouding waarin oorgawe aan Christus en die Heilige Gees ten volle en te alle tye gehandhaaf kan word.



Foto: Pelipoer (Pexels)

Dr. Murray beskryf die doel van die môrewaak as geloofsdissipline, om die teenwoordigheid van Christus vir die hele dag te verseker. Ek stel my in en onderneem om niks te wil doen wat dit kan verhinder nie. Oordenking, gebed en die Woord sal alles gebruik word ter ondersteuning van hierdie een doel, naamlik om die noodsaaklike verbintenis vir die dag te versterk, die verbintenis tussen Christus en myself. Dit moet in die môre-uur gebeur. Daar word die band versterk en heg vasgebind.

Soos Jesus se Bergpredikasie in Matteus 5-7 ons veral wil leer om ons godsdienstige pligte alleen vir en tot God te verrig, beklemtoon Dr. Murray dat ware godsdienste ten doel het om die karakter van Christus sodanig in ons te vorm dat in ons alledaagse handeling sy geaardheid en gesindheid gestalte sal kry. Dit kan alles plaasvind omdat Christus, as die Lewende, in ons woon. Namate die môre-uur begin om sy uitwerking op die dag af te druk, sal die dag reageer op sy eerste halfuur, en gemeenskap met Christus sal 'n nuwe betekenis en 'n nuwe krag verkry, aldus Dr. Murray.

Laat ons dan opnuut kennis neem van hierdie geloofsonderrig deur God se dienaar as hy beklemtoon dat godsdienste meer intensiewe toewyding vereis. Hy herinner ons daaraan dat die liefde van Christus bo alles behoefte het aan die hele hart. Dr. Murray is daarvan oortuig dat die vaste voorneme om die teenwoordigheid van Christus voor alles te bekom, vanuit die onderhouding van die môre-uur groei en die grondtoon van ons daaglikse lewe word.

Die *Week van Gebed* aan die begin van die jaar is 'n goeie praktyk. Mag die Here ons die dissipline gee om die belofte van seën deur die onderhouding van die môre-uur na te streef.

Temas vir gebed

- Bid die Here vir die diep verlanse om met die liefde van Christus gevul en oorwin te word.
- Bid die Here om die toewyding en deursettingsvermoë om daaglik tyd af te sonder vir gemeenskap met God.
- Bid dat God ons in ons tyd van stilte by Hom, bewus sal maak van ons diens vir die koninkryk van God in die wen van siele en voorbidding.

Dag 3

As ons nie weet wat om te bid nie...

So kom die Gees ons ook in ons swakheid te hulp, want ons weet nie mooi waarvoor ons behoort te bid nie... (Rom 8:26; 2020-vertaling)

Die *Week van Gebed* aan die begin van 'n nuwe jaar word binne 'n kerklike tradisie onderhou, omdat gemeentes en lidmate deur ervarings en omstandighede onder die indruk is van die daaglikse uitdagings van die lewe. Gelowiges wat eerlik en opreg voor God leef, erken dat hulle nie self in beheer van die lewe is nie. Aan die begin van 2021 is die bewussyn van ons broosheid in 'n uitdagende wêreld waarskynlik nóg skerper as in die verlede, omdat ons die jaar 2020 beleef het. COVID-19 het ons tot stilstand geruk. Die pad vir die nuwe jaar is moontlik vir meer van ons minder gelyk en rooskleurig as wat dit al voorheen op hierdie draaipunt van 'n jaar was.

Vir die besluit om 'n moontlike tema vir die 2021 *Week van Gebed* te formuleer, is verskillende opsies oorweeg. Een daarvan was: Hoe om ons voor te berei vir die onbekende jaar waarin die pandemie steeds met ons is. Dit roep noodwendig 'n tweede vraag op: Wat het ons uit 2020 geleer met die oog op 2021? Daarom dink mens noodwendig aan bedreigings wat gemeentes in die gesig staar en wonder jy hoe om dié uitdagings in gebed te benader. Baie van ons is tans nie heeltemal seker oor hoe ons moet bid in 'n tyd soos hierdie nie. Meer mense bely dat hulle eintlik nie woorde het wanneer hulle wil bid nie. Baie ernstige kinders van die Here is onseker oor waarvoor hulle nou kan en selfs mag bid.

Wanneer Paulus in die koue winter van 55-56 nC *Die Brief aan die Romeine* vanuit Kenchreë, die oostelike hawedorp van Korinte skryf, heers daar 'n mate van spanning tussen gelowiges wat in klein huisgemeentes georganiseer was in die stad Rome. Hulle verskil onder andere met mekaar oor eetgebruike en Joodse feesdae. 'n Mens wil amper vra: waaroor het hulle dan spanning gehad? Vergelyk dit bietjie met die ontwrigting van die Covid-pandemie wat ons nou moet hanteer. Nietemin skryf Paulus in Romeine 8:26 dat gelowiges soms (dalk meer dikwels) nie mooi weet waarvoor om te bid nie.

Die sentrale tema van *Romeine* is die goeie boodskap dat God skuldige, sondaarmense uit genade vryspreek, 'n boodskap wat in geloof toegeëien moet word. In hoofstuk 5-8 beklemtoon Paulus die gelowiges in Rome se identiteit as vrygespreekte mense wat nuut is in Christus. Vir hierdie mense herinner hy in Romeine 8 dat hulle onder beheer van die Heilige Gees lewe (vers 1-17). Hy open hulle oë vir die heerlikheid van God wat kom (vers 18-30). Hy bring die heerlikheid wat kom in verband met die hoop wat ons nie sien nie en met volhardende wag daarop. Dit is temas wat vir die kerk van Christus aan die begin van die nuwe jaar belangrik is. Ons moet ons identiteit in Christus omhels, die beheer van die Heilige Gees erken en ons hoop vestig op die trou van God in vreemde omstandighede.

Dat ons as vrygespreekte, nuwe mense in Christus nou lewe onder beheer van die Heilige Gees, het ook implikasies vir gelowiges se gebedslewe. Paulus stel dat ook gelowiges nie mooi weet waarvoor hulle behoort te bid nie. Ons is in goeie geselskap hier aan die begin van 2021 as die impak van die Covid-pandemie van 2020 ons onbevoeg laat om te bid. Paulus beskryf ook ons disposisie wanneer ons die *Week van Gebed* nader. Die goeie

nuus, skryf Paulus verder, is egter dat ons gebed-stomheid en -domheid nie die laaste woord het nie. Die Gees wat ons lewe beheer, kom ons ook in ons swakheid te hulp. Wanneer ons nie mooi weet wat ons behoort te bid nie, tree die Gees self vir ons in met versugtinge wat buite taal en woorde val.

Die troos vir ons as vrygespreekte nuwe mense in Christus aan die begin van 2021, is dat God beide óns harte ken, asook die bedoelinge van die Gees. Die Gees tree vir die heiliges in volgens die wil van God. Wonderlik! Die krag van gebed hang nie van ons woorde en temas af nie, maar van die Gees van God in ons wat die wil van God ken en ons versugtinge vir God aanneemlik oordra.



Foto: John-Mark Smith (Pexels)

Dr. Murray skryf na aanleiding van Romeine 8:26 oor die dissipels se gevoel van hoe weinig en gebrekkig hulle kennis van die gebed was. Volgens hom het die dissipels vas geglo dat Jesus hulle kon leer om voortdurend, kragtig en opreg te bid soos Jesus self gebid het. Soos die dissipels moet ons ook maar bely dat ons nie weet hoe om te bid nie en dat ons die skool van gebed van Jesus nodig het.

In die lig van die noodsaak om by Jesus te vertoef in die skool van gebed, roep Dr. Murray sy lesers op: “Laat die stille, ootmoedige gebed gedurig uit ons hart opgaan. Here, leer my Bid!” Hy gaan verder met die versekering dat die Here ons deur sy Gees kan voorsien van alles wat nodig is om reg te bid. Hy kan ons hart verlig sodat ons kan verstaan wat nog vir ons duister is. Die Here Jesus kan ons geloof versterk en aan ons die vrymoedigheid gee om kragtig te bid. Jesus wil sy gebedslewe werklik aan ons medeel. Vanuit die hemel kan Jesus, skryf Dr. Murray, deur sy Gees, sy eie gebedslus in ons harte opwek. Ons kan daarop reken dat Hy ons sal vorm tot ware bidders.

Temas vir gebed

- Laat ons dan ons begeerte om soos Jesus kragtig en opreg te bid, voor God lê.
- Laat ons die Here pleit om ons deur sy Gees te voorsien van alles wat nodig is om reg te bid.
- Laat ons op God wag om ons harte te verlig sodat ons kan verstaan wat nog vir ons duister is, sodat ons kan bid vir die koms van God se koninkryk in die jaar wat voor ons lê.

Dag 4

Omstandighede leer ons waarvoor om te bid

Ek sê vir julle, selfs al staan hy nie op om dit vir hom te gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog opstaan en vir hom gee wat hy nodig het omdat die man so onbeskaamd aanhou (Lukas 11:8; 2020-vertaling).

Lukas 11:1-13 vertel van 'n geleentheid waar Jesus op 'n sekere plek gebed het, waarna sy dissipels, op grond van Jesus se voorbeeld, Hom versoek het om hulle ook te leer bid, soos wat Johannes sý dissipels leer bid het. Jesus het op hulle versoek reageer deur te sê: “Wanneer julle bid, moet julle sê...” Toe leer Jesus sy dissipels die woorde van die *Ons Vader-gebed*. Daarna het Hy hulle verder onderrig oor die aard van gebed, aan die hand van 'n gelykenis oor 'n vriend wat in die nag drie brode kom vra het, omdat 'n vriend van hom wat op reis is by hom aangekom het. Die gasheer het egter niks te ete gehad om vir die besoeker aan te bied nie. Jesus stel dan 'n moontlike reaksie van die huisbewoner wat om hulp gevra is. Hy reageer van binne af deur te sê hy kan nie help nie omdat dit reeds te laat in die nag is. Dit sal sy hele huishouding ontwrig.

Teenoor hierdie moontlike en beslis realistiese reaksie, stel Jesus egter 'n alternatiewe respons. Jesus gee 'n motivering waarom Hy dink die huisbewoner wel sy vriend wat 'n onverwagte gas ontvang het, sal help. Die huisbewoner sal toegee aan die versoek, omdat die vriend *onbeskaamd aanhou vra*. Verder voeg Jesus 'n spreukwoord by oor vra: soek en klop, met die resultaat van ontvang (gegee word), vind en ingelaat word (oopmaak). Jesus bied ook 'n vergelyking waarin Hy klem plaas op 'n ouer se ingesteldheid om vir 'n kind net die beste te gee. Daarna vergelyk Jesus ouers se begeerte om net die beste vir hulle kinders te gee met die hemelse Vader wat sy beste gawe sal gee vir diegene wat Hom daarvoor vra, naamlik die Heilige Gees.

In sy meditasies oor die gebedslewe staan Dr. Murray ses dae af aan sy oordenking oor Lukas 11:8, 9, 11 en 13. Telkens bied hy 'n perspektief op Jesus se onderrig aan sy dissipels oor gebed. In aansluiting by Dr. Murray se meditasies, dien Lukas 11 hier as grondslag vir die oordenkings en riglyne vir die res van die dae met die oog op die 2021 *Week van Gebed*.

Dag 3 se meditasie het klem geplaas op die vraag van die dissipels, naamlik *waarvoor* hulle moet bid. In Lukas 11 se gelykenis oor die nagtelike besoeker is die *waarvoor*-vraag ook aan die orde. Hierdie oordenking, vertoef nog 'n rondte by die vraag waarvoor ons aan die begin van 2021 kan/behoort te bid. In die gelykenis van Jesus, verkeer die vriend werklik in nood. Hy het hulp nodig. Dit is 'n tema wat vir ons almal bekend is en 'n wesenlike aanspraak op die kerk van Jesus Christus maak. Hoe ontvang ons hierdie aanspraak en hoe reageer ons daarop?

NT Wright (Voormalige biskop van Durham in die Church of England) beklemtoon juis die werklike nood van die vriend en die sekerheid waarmee Jesus die uitspraak maak dat die huisbewoner kan en sal help. In terme van die streng gasvryheidsreëls in die konteks van die destydse Ou Nabye-Ooste, was daar 'n verpligting om aan 'n reisiger kos en slaapplek te voorsien. Onderlinge sorg was deel van die etos van daardie samelewing.

Die vriend in die straat weet van hierdie verpligting en sou op sy beurt dieselfde doen. Daarmee is die tema van godsdienstige pligte (Dag 1; Matteus 6:6) weer ter sprake.

Ons kan dus bid vir 'n gasvrye en barmhartige samelewing, waar mense na mekaar omsien en op mekaar kan staatmaak in tye van nood en krisis. Laat ons ook hierdie tema as gebedsonderwerp aanteken aan die begin van 2021. Wat kan ons doen om ons gemeenskappe te omvorm in ruimtes van omgee en sorgsaamheid?

Dr. Murray wys in sy bespreking van die gelykenis dat daar eerstens die behoefteige vriend was wat om middernag sy reis voltooi het. Dan is daar die gewillige vriend wat niks brood in sy huis het nie, maar onmiddellik moeite doen om dit in die hande te kry. Laastens is daar die onwillige vriend wat brood in oorfloed het, maar nie die moeite wil doen om op te staan en dit te gee nie.

In die lig van die dissipels se versoek aan Jesus om hulle te leer *waarvoor* hulle kan bid, bied Dr. Murray se identifisering van drie karakters en hul houding tot die uitdaging van die situasie aan ons geleentheid vir onderskeiding ten opsigte van dit waarmee God in



Foto: hermaion (Pexels)

ons lewe en omgewing besig is, asook wat ons persoonlike houding is met betrekking tot die uitdagings binne ons verskillende kontekste. Soos met Jesus se gelykenis, kruis mense en gebeurtenisse ons pad met aansprake op ons tyd en aandag. Op onverwagse en ontydige aansprake en uitdagings moet ons in die hitte van die oomblik reageer. In sulke onbewaakte oomblikke kom ons ware karakter dikwels na vore. Die drie karakters wat Dr. Murray in die gelykenis identifiseer, verteenwoordig individuele gelowiges se houding

en reaksie op daaglikse uitdagings en aansprake.

Miskien wek hierdie meditasie by jou die begeerte om met God se oë na die wêreld te kyk, asook om met Christus se gesindheid op die aansprake en uitdagings van elke dag te reageer. Dit is 'n begeerte wat ons na die Here kan bring in gebed.

Temas vir gebed

- Bid vir 'n samelewing en gemeenskap waar omgee en sorg die etos is van ons godsdienstige pligte.
- Bid dat die Here jou hart en oë oop sal maak vir die nood en behoeftes rondom jou, waaraan Hy wil hê jy en jou geloofsgemeenskap in 2021 aandag moet gee.
- Vra God die eerlikheid om diep in jouself in te kyk sodat jy die gesindheid van selfsug en ongevoeligheid vir ander kan raaksien. Bring dit na God toe.

Dag 5

Hou onbeskaamd aan om te bid

Ek sê vir julle, selfs al staan hy nie op om dit vir hom te gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog opstaan en vir hom gee wat hy nodig het omdat die man so onbeskaamd aanhou. (Lukas 11:8; 2020-vertaling).

Naas die vraag van die dissipels oor *waarvoor* hulle kan/behoort te bid, is daar nog 'n aspek van gebed waaroor ons moet besin. Dr. Murray beklemtoon in sy meditasie oor Jesus se gebedsonderrig aan sy dissipels 'n tweede punt ten opsigte van kragtige gebed. Dit gaan nie slegs oor die vraag *waarvoor* ons moet bid nie, maar ook oor *hoe* om te bid. Volgens hom is die eerste les wat Jesus vir sy dissipels leer oor die bron van krag vir gebed, dat die antwoord op gebed nie dadelik kom nie. Die Afrikaanse woord “aanhou” in die aangehaalde teks hierbo, maak ons juis bewus daarvan dat ons gebede méér die karakter het van 'n maraton as van 'n kort, vinnige naelloop. Die uitnodiging is tot voortgaande verkeer voor God se aangesig, in sy teenwoordigheid, met verwagting en volharding (*persistence*).

Wat hier van belang is, skryf NT Wright, is dat die Here Jesus ons veral wil leer om heelhartig, met volle oorgawe, in afhanklikheid, en aanhoudend te bid. Die 2020-vertaling het die treffende uitdrukking, “onbeskaamd aanhou”. Die enkele punt van vergelyking wat Jesus volgens Wright wil uitlig, is 'n soort heilige onverskrokkenheid (*boldness*). Daarmee bedoel hy 'n dringende klop aan die deur, onophoudelike vra en 'n soeke na God se wil wat nie bes gee of die aftog blaas nie. Die dringendheid en heilige onverskokkenheid wat hier ter sprake is, onderskei hierdie gebede van roetine gebede wat ons daaglik en weeklik tot God rig.

Om sy onderskeid tussen roetine of daaglikse gebede en die dieper/ernstiger gebed wat volgens hom hier ter sprake is te motiveer, benut Wright die beeld (metafoor) van stryd en oorlog. Hy lê klem op die onweerlegbare waarheid dat daar 'n geveg aan die gang is met magte van die duisternis. Gelowiges wat die lig van God se genade sien deurgebreek het, word opgeroep om hul plek in hierdie stryd op te neem in gebed. Die gebedstryd is 'n geveg “for peace, for reconciliation, for wisdom, for a thousand things for the world and the church, perhaps a hundred or two for one's own family, friends and neighbours, and perhaps a dozen or two for oneself.”



Foto: mimi (Pexels)

Omdat hierdie sake dringend, belangrik en kompleks is, behels gebed méér as blote disipline en reëlmatigheid. Gebed soos dié wat Jesus in sy gelykenis in Lukas 11 uitwys, vereis die soort onbeskaamde en selfs vreemde vasberadenheid wat jy sal gebruik wanneer jy hoop 'n vriend wat reeds slaap jou in jou nood mag help. Daarom ons gebedsroep tot God: Here, leer ons *hoe* om te bid en te onderskei waarop dit werklik aankom!

Wright se argument nooi ons uit om te onderskei tussen verskillende gebede en die benadering wat ons moet volg wanneer ons God daarvoor nader. Met die oog op die *Week van Gebed* sal dit ons baat om nie lukraak te bid nie, maar fyn te luister om te hoor waarvan God ons bewus maak voordat ons bid. Dan kan ons God se gedagtes in die gebed aan God terug gee. Ons moet erns maak met wat Wright “a kind of holy boldness” noem, met betrekking tot die benadering en houding waarmee ons tot God bid. Ons kan met onverskrokke vrymoedigheid tot God se troon nader deur ons Here Jesus Christus. Laat ons hierdie voorreg opneem tot eer van God.

Dr. Murray wys verder daarop dat Jesus se onderrig oor kragtige gebed beklemtoon dat dit nie in iets is wat iemand vir homself soek nie, maar dat dit ten behoeve van ’n ander is. Hy moedig sy lesers aan om vir ander te begin bid. Juis dit gee die bidder vrymoedigheid om aan te hou bid en te oorwin. Hy noem die moontlikheid van behoeftige siele in jou eie huis, onder jou kinders of huiswerkers, in jou gemeente en in die heidenwêreld vir wie jy geroep word om te bid. Deur vir hierdie behoeftiges wat die Here op jou hart lê te bid, skep God geleentheid vir jou om reg te leer bid. Die 2021 *Week van Gebed* bied geleentheid om reg te leer bid, deur vir ander te bid. Laat ons God se uitnodiging om vir ander mense te bid omhels en die diens van die gebede met toewyding beoefen.

Dr. Murray beskryf God se gewilligheid om te seën met die woord “oneindig”. God se wil om ons te seën is onbegrens. God wil ons oorfloedig seën. Daar is helaas iets in ons self wat God se seën terughou of onderskep. Volgens Dr. Murray is God onwillig om die antwoord te gee as jy nie behoorlik daarvoor voorberei is nie. God stel uit om die antwoord te gee, sodat ons kan leer om op die regte wyse met Hom om te gaan. God wil vir jou en vir my leer om sterk te word in die geloof, en om tot onbeskaamdheid toe aan te hou. As die antwoord op die gebed nie kom nie, moenie mismoedig word nie, maar dring deur en kom nader, moedig Dr. Murray ons aan.

Ons mag en moet onbeskaamd aanhou om tot God in gebed te nader. Mag 2021 die eerste treë vir jou en my wees op hierdie leerkurwe.

Temas vir gebed

- Here, gee ons/my die begeerte om werklik te wil leer bid soos U dit vir ons bedoel.
- Gee ons geduld en heilige inspanning, Here, sodat ons op die regte manier kan voorberei om U in gebed te nader.
- Maak ons harte wakker vir ander mense, Here, sodat ons hulle behoeftes voor U kan bring en self op dié wyse leer om soos Jesus te bid.

Dag 6

Die gawe uit die hand van die hemelse Vader

As julle wat sleg is, dan weet om goeie geskenke aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan hulle wat Hom vra! (Luk 11:13; 2020-vertaling)

By Dag 4 se oordenking het ons gewys op Jesus se vergelyking waarin Hy klem plaas op 'n ouer se ingesteldheid om vir 'n kind net die beste te gee. Jesus vergelyk ouers se begeerte om net die beste vir hulle kinders te gee met die hemelse Vader wat sy beste gawe sal gee vir diegene wat Hom daarvoor vra, naamlik die Heilige Gees. God gee die heel beste waarvoor Hy beskik!

Die Nuwe-Testamentiese kommentator Howard Marshall, bespreek Jesus se laaste instruksie oor gebed in Lukas 11:9-13 en wys op die twee eenhede waaruit Jesus se onderrig bestaan. Die eerste deel in vers 9-10 bevat Jesus se aanmoediging aan sy dissipels om gebedsversoeke tot God te rig, omdat God hulle gebede verseker wil beantwoord. Die tweede deel van Jesus se onderrig oor gebed in vers 11-13 (wat in hierdie meditasie ter sprake is), bevat 'n argument uit die praktiese lewe van ouerskap. Die argument beweeg van die mindere na die meerdere (*a minori ad maius*) om te beklemtoon dat God die Heilige Gees wil gee aan hulle wat Hom daarvoor vra.

In die tweede deel van die onderrig is die klem op die goedheid van die gawe wat God gee. Volgens Marshall beklemtoon hierdie besondere uitspraak beslis die noodsaaklikheid om God te vra vir dit wat ons nodig het. Dit is 'n laaste/finale opdrag van Jesus ten opsigte van oordtuigde gebed (*confident prayer*). Nog 'n Nuwe-Testamentiese kommentator Leon Morris, wys daarop dat Lukas die Evangelis, klem plaas op die werk van die Heilige Gees. Volgens hom beskryf Lukas in hierdie uitspraak die gawe van die Gees as "man's highest good". Morris oordeel dat dit hierin gaan oor die werk van die Heilige Gees in die algemene lewe van die Christen, net soos wat Romeine 8 oor die Heilige Gees en gebed praat. Daarmee is die tema van Dag 3 ook weer ter sprake. Gebed is 'n onontbeerlike aspek van die karakter van 'n volgeling van Jesus en die dissipels wat sy kerk op aarde vorm.

In sy meditasie oor vers 13, beklemtoon Dr. Murray vier sogenaamde onbegryplike wonders. Eerstens dat die eie Gees van God, waarin God se lewe en heiligheid geleë is, in ons wil woon. Tweedens, die wonder dat die Vader gewillig is om die Heilige Gees te gee aan almal wat Hom daarom bid. Derdens, dat my armoedige gebed die Gees uit die hemel kan afbid om my hart en lewe in besit te neem. Vierdens, dat Jesus die Seun van God deur sy dood heen, self die pad vir die Gees baan en self aan ons die boodskap bring en ons leer om vir die Gees te bid.

Laat ons dan met erns aan die begin van 2021 (en ook verder gedurende die jaar) vir God vra om die heerlikheid van die gawe van die Gees, om die gewilligheid van die Vader, om die krag van die gebed, en dat Jesus self sy onderrig diep in ons harte sal inprent.

Dr. Murray beklemtoon nog 'n punt in hierdie vers onder die opskrif, *Die Gees van die gebed*. Hy sluit daarvoor aan by Galasiërs 4:6 waarin Paulus skryf: "En omdat julle

kinders is, het God die Gees van sy Seun uitgestuur tot in ons harte, die Gees wat roep” ‘Abba, Vader!’” (2020-vertaling). Hiermee sluit Paulus aan by die tema van sy brief aan die Romeine in hoofstuk 8. Volgens Dr. Murray leer ons hiermee dat die Gees uitdruklik uitgestuur is om ons in staat te stel om “Abba, Vader” te sê. Hy beklemtoon die diep betekenis van hierdie woorde deur daarop te wys dat dit Christus die stryd van Getsemane gekos het om hierdie bede te kan bid. Met daardie woorde, het Jesus sy hele wil en lewe aan die Vader oorgegee. Dink vir ’n oomblik oor hierdie geweldige insig.

Laat ons dan geleentheid skep en tyd daaraan afstaan, om Dr. Murray se interpretasie en toepassing van hierdie woorde in Jesus se gebedsonderrig in ons eie lewe op te neem. God het die Gees van sy Seun in ons harte gegee, sodat Hy ons kan leer om, net soos die Here Jesus, met daardie “Abba, Vader”-bede, alles tot die swaarste en die kleinste, aan die Vader oor te gee en op te offer. Dit is ’n gebed om oorgawe aan God vir die nuwe jaar.

Ons kan dit waag om alles, ons ganse lewe, aan die Vader oor te gee en op te offer, want vers 13 bevat ook die woorde “hoeveel te meer”, met verwysing na God se goedheid in vergelyking met ’n aardse ouer. Dr. Murray skryf in nog ’n meditasie oor vers 13 die volgende woorde: “Miljoen keer meer, ja, oneindig meer, bo alle gedagtes, is die gewilligheid van die hemelse Vader om sy gawe uit te deel.” Dr. Murray nooi sy lesers uit om onder die volle indruk te kom dat die onuitspreeklike gewilligheid van God op ons wag om ons in besit te neem.

Hoe anders kan ons die jaar 2021 ingaan as ons dit sou oorweeg om ons ganse wil in kinderlike opregtheid aan die Vader oor te gee en die gawe van sy Gees te omhels wat Hy so graag wil gee?

Temas vir gebed

- Bid die Here dat Hy ons harte en oë sal open vir die goeie gawe van sy Gees wat Hy tot ons beskikking stel en aan ons wil gee.
- Bid dat die Here se kinders die wil sal koester om hulle self en alles wat deel vorm van hulle lewe, aan God toe te vertrou en aan Hom oor te gee, sodat ons as offers van Christus in die wêreld sal leef.
- Dank die Vader vir die onuitspreeklike genade van sy Gees en die krag van gebed wat deur die Gees losgemaak word.



Foto: Mathia Verga (Pexels)

Dag 7

Ons bid dat God ons Vader se koninkryk kom

Hy het vir hulle gesê: “Wanneer julle bid, moet julle sê: ‘Vader, laat u Naam geheilig word. Laat u koninkryk kom’” (Luk 11:2; 2020-vertaling)

NT Wright beklemtoon die beeld vir God wat Jesus gebruik in sy onderrig aan sy dissipels in Lukas 11. Hy wys op die metafoor van God as Vriend in die gelykenis wat Jesus vertel en open enkele perspektiewe op God se vriendskap, asook die interaksie tussen God as Vriend en die vriende wat in die gelykenis betrek word. Ja, baie van ons het opgegroeï met die lied: Watter Vriend het ons in Jesus? Hy wat in ons plek wil staan. Ons kan weer oor hierdie beeld nadink.

Met die oog op hierdie laaste meditasie is die fokus nou op die beeld van God as Vader, ook in aansluiting by die voorafgaande meditasie waarin dit gegaan het oor die onderskeidende goedheid van God as Vader. Vir hierdie beeld van God vestig Wright ons aandag op die groter prentjie. Hy wys daarop dat die aanspreekvorm van God as Vader in die *Ons Vader*-gebed, teruggaan tot so ver as die tyd toe Israel in slawerny was en bevryding van die Egiptiese Farao afgepleit het. Moses het voor die Farao gestaan en die Naam van God verklaar: “Israel is my son, my firstborn, so let my people go!”

Van toe af, skryf Wright, het die aanspreekvorm van God as Vader, herinneringe aan God van die Eksodus opgeroep. Hy is die bevrydende God, God wie se koninkryk komende is, God wat brood vir die hongeres bring, vergifnis aan sondaars betoon en redding uit die mag van duisternis bewerk. Die *Ons Vader*-gebed is daarom nie maar ’n samevoeging van ’n string los versoeke of eise aan God nie. Nee, skryf Wright, die *Ons Vader*-gebed is ’n gebed vir mense wat gekies het om Jesus op die koninkryks-reis te volg. Toe Jesus vir sy dissipels in Lukas 11 oor die gebed geleer het, was Hy doelgerig op weg na Jerusalem, om daar in die Naam van God te handel.

In Jerusalem sou Jesus die ‘Eksodus’ vervul, waarin die langverwagte koninkryk van God ’n werklikheid sou word. Jesus het deur die gebedsonderrig brood vir die reis voorsien. Die sakrament van die nagmaal waarin brood gebreek word, sou na Jesus se dood die teken wees van sy teenwoordigheid in die kerk, asook die teken van die onderlinge band tussen Jesus se volgelingen. Jesus het reeds met sy gebedsonderrig en sy reis na Jerusalem vergifnis aangebied vir sy dissipels en almal wat na Hom kom luister het. Hy sou die volle vergifnis van sonde verseker deur sy dood aan die kruis.

In die meditasie van Dag 5 is reeds verwys na Wright se beeld (metafoor) van stryd en oorlog. Hier is daardie beeld weereens ter sprake as Wright skryf dat Jesus met sy reis na Jerusalem gewikkel was in ’n oorlog teen die bose magte. Dit is ’n oorlog wat finaal beslis sou word op Golgota. Die *Ons Vader*-gebed wat gegroeï het uit Jesus se eie gestuurde bediening op aarde, is ideaal geskik vir Jesus se volgelingen oor die ganse geskiedenis heen.

Met hierdie terugflits op die Eksodus-identiteit van God as Vader en Jesus Christus as Middelaar, kan ons as volgelingen van Jesus nou ook ons posisie inneem aan die begin van die nuwe jaar. Ons word weereens herinner aan wie God is en aan wat Jesus in God

se Naam kom doen het. Ons word opgeroep om Jesus se stryd teen die bose magte op te neem en God se komende koninkryk te omhels. Daarom kan ons bid vir ons land, ons gemeenskape, vir ons mense. Ons kan bid vir alles wat ons bedreig. Ons kan die geveg wat Jesus se aardse bediening gekenmerk het, met doelgerigtheid voortsit. Ons kan bid vir die land en fokus op wat God wil hê ons moet wees. Dink aan die temas wat die Belydenis van Belhar op die tafel van die kerk kom neersit: Eenheid; Geregtigheid; Versoening. Ja, dat God se koninkryk mag kom.

Ten slotte kan ons weer by Dr. Murray aansluit as Hy met verwysing na Matteus 6:10 ook aandag gee aan Jesus se bede vir die koms van God se koninkryk. Hy noem sy meditasie: “Die Vader is Koning.” Dr. Murray stel twee prikkelende en uitdagende vrae oor hierdie bede: Is hierdie gebed nodig? Sal dit werklik die koms van die koninkryk van God teweegbring? Miskien is dit nie ’n slegte idee om tog hieroor te reflekteer nie. Ons antwoord op hierdie vrae, sal bepaal of die geloofspraktyk van die *Week van Gebed*, vir ons hoegenaamd waarde inhou. Ons antwoord sal bepaal of ons nog wil bid!

Dr. Murray skryf dat Jesus volgelingen tog seker glo dat God dit so bepaal het dat die koms van God se koninkryk, afhang van die gebede van sy kinders. Hulle gebede is van groot krag in die hemel, argumenteer hy, om die seëninge van die koninkryk, die werking van die Heilige Gees op die aarde te laat neerdaal. Dink hieraan, skryf Dr. Murray: “My gebed kan help om die koninkryk met krag te laat kom waar alles nog koud en dood is.” Is dit nie waarvoor ons as kerk van Christus aan die begin van 2021 geroep word nie?



Die uitsig vanaf die stoep van Clairvaux, die pastorie in Wellington waar Dr. Andrew Murray geleef en gebid het (Foto NG Kerk Argief, Stellenbosch)

Jesus heers as Koning in die hemel; laat Hom dan net so in jou hart heers, moedig Dr. Murray se lesers aan. Dit sal u krag gee in die gebed.

Temas vir gebed

- Dank die Here vir die geleentheid om hier aan die begin van die nuwe jaar saam met Jesus en medegelowiges in die gemeente, asook in die geskiedenis, oor gebed te kon reflekteer.
- Bid dat God ons deur sy Heilige Gees sal oortuig van die diep waarde en betekenis van die gelowiges se gebed voor God.
- Laat ons as volgelingen van Jesus mekaar aanspoor om die tekens van God se heerskappy en koninkryk raak te sien, maar ook aktief deel te neem aan die vestiging daarvan in ons leefwêreld.